**Vote 29: DALRRD** **2023-05-09**

Landbou is een van die belangrikste sektore in Suid-Afrika. Nie net is dit jaar-op-jaar een van die industrieë wat die meeste werk skep en tot die BBP bydrae nie, maar is dit verantwoordelik vir die kos op elke Suid-Afrikaner se tafel, elke dag, drie keer op 'n dag. Die Departement van Landbou is dus een van die belangrikste departemente op die oomblik, aangesien dit met die voedselsekuriteit van die hele Suid-Afrika te make het. Dit wil egter blyk of die departement gruwelooslik besig is om die landbouers en die mense van Suid-Afrika te faal.

Ons is sopas deur 'n jaar van ongekende uitbrake van Bek-en-Klouseer waar Suid-Afrika sy BEK-vry status verloor het en uitvoere vir die soveelste keer in 'n jaar die halt geroep is. Maar die teëspoed wil net nie ophou nie.
Daar word tans 'n geweldige agterstand met inentings ervaar. Van Bloutong tot Perdesiekte, Brucella, Rift Valley Fever en alles tussen-in.
Perdesiekte entstof is al vir meer as 'n jaar uit voorraad uit en honderde, indien nie duisende, perde is al dood as gevolg van die siekte en daar is GEEN lig aan die einde van die tonnel vir hierdie eienaars nie. Bloutong daarenteen is verantwoordelik vir sowat 50% sterftes van alle vee op die oomblik as gevolg van die natseisoen wat ons boere tot dusver ervaar het en die te kort aan entstof.

On a question regarding vaccines that appeared on the question paper of the 3rd of March, and only responded to a month later on the 7th of April the answers were shocking to say the least.
Of the 18 vaccines OBP produces, only 9 were readily available and in stock. All other had expected availability dates by either end April or end May. This is unacceptable, as the reason for the question was the unavailability of vaccines for months on end. In some instances unavailability of almost a year or longer.

The two that are the most critical and had sooner dates of availability were Bluetongue and African Horse Sickness.
It was stated about the Bluetongue vaccine that the Product was awaiting Quality Control results due the week ending 10 March 2023. Product to be distributed to the market week ending the 24th of March 2023.
And African Horse Sickness: Product going into production on the week ending 17 March 2023 and available on the market the week ending 7 April 2023.
We are unfortunately STILL awaiting stock of both.

Die Departement wil ons egter laat glo dat die lig aan die einde van die tonnel darem nog brand en beloof dat Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) se vier-been strategie die antwoord op alle probleme is en dat binne die volgende sewe jaar kritieke toerusting vir entstof vervaardiging vervang sal wees.
Agbare minister, sewe jaar is te lank. Die boere het NOU uitkoms nodig. Ons het NOU inentings nodig.

In 2013 was daar 'n eenmalige uitbetaling van R 492 miljoen vir die GMP-projek om die entstof vervaardigingsfasiliteite op te gradeer. 10 Jaar later en ons is nog steeds besig om die fasiliteit te bou en vernuwe en ons is nog nie naby aan klaar nie. Die vraag wat gevra moet word, is waar is die bewyse van die geld? Wat is daarmee gedoen? Hoekom het ons nog nie 'n fasiliteit wat werk nie? Dit klink al te veel soos die BEK-fasiliteit waaraan OBP ook nog steeds bou....

Verder laat OBP se teikens veel te wense. Hulle het nodig om terug te keer na wat hul sleutelmandaat is en dit is die vervaardiging van entstowwe.

Die oplossing lê egter nie alleen by Onderstepoort nie, maar by die privaatsektor. Die departement moet verseker dat toegang vir privaat maatskappye om entstowwe te vervaardig nie buitengewoon moeilik is en die goedkeuringsprosesse onnodig vertraag word nie en moet hul juis 'n kompeterende mark vir produkte daarstel.
Tot en met die departement nie daarop gefokus is nie, gaan die landbou sektor in 'n kritieke toestand bly verkeer.

Entstowwe is nie die enigste probleem wat die departement en sy entiteite tans kwel nie, maar dit is beslis die mees ernstig wat so spoedig moontlik en daadwerklik aangespreek behoort te word.

Die departement faal sy landbouers.
Die ANC faal sy landbouers.
Ons landbouers verdien beter.